Winter 2010

'N EERSTE VIR POTCH

Op 1 April 2010 het *Vessels of Mercy* hul eerste plek van veiligheid se deure geopen. En watter verassing was dit nie toe Charlene van die SAVF ons alreeds daardie middag skakel om die eerste kind in ons huis te plaas nie!

Vessels of Mercy place of safety is geleë in uitbreiding 11, Ikageng. Die huis word aan ons voorsien deur *Childline* en dit is 'n pragtige drie-slaapkamer huisie met 'n volledige badkamer, kombuis en sitkamertjie. Ons is ook baie trots om te sê dat Louis, die huispa, alreeds soveel moeite gedoen het om dit gerieflik en mooi te maak, deurdat hy gras rondom die huis geplant het, en ook 'n paar stene gepak het, wat dit baie makliker maak om daar te loop tydens reënweer.

Ons eerste Plek van veiligheid

In die afgelope maand is daar reeds drie kinders deur ons huis. Klein Thandiswa Mbanki, wat die eerste April geplaas is, moes egter weens administratiewe redes skuif na 'n ander huis. Ons is egter baie opgewonde oor die twee babas wat steeds in ons sorg is. Klein Onele en piepklein Nceba was baie siek toe hulle by ons gekom het, maar ons is verheug om te rapporteer dat dit nou baie beter met hulle gaan en dat hulle sommer soos nuwe seuntjies lyk.

Ons is ook baie opgewonde oor die twee nuwelinge wat eersdaags by ons gaan intrek. Dit is 'n boetie en 'n sussie wat verblyf soek tot die einde van die jaar. Ek dink Lydia gaan haar hande vol hê!!!

A VISIT TO LOLLO

At the beginning of the year we paid a visit to Lollo's house in Extension 7. Lollo and her mother Catherine are foster parents to 12 foster children. Lollo also has three of her own children. Catherine shared their wonderful story with us for the making of our DVD to promote foster care.

We also brought clothes for ten of their children. Here is Lollo with a few of her children.

Lollo's project is called Mzwabantu which means: Home for the children

BETROKKENHEID VAN DIE GEMEENSKAP

Joos Fouché, my skoonpa, was dadelik gewillig toe ons hom vra of hy nie sou kans sien om vir ons bedjies te maak vir ons huis nie. Ons het besluit om bedjies te laat maak deels om koste te bespaar en deels omdat ons dit dan 'n bietjie kleiner kan maak as 'n standard enkelbed, sodat dit gerieflik in die kamertjies kan inpas. Ons wil graag vir pa Joos en ma Hester wat ook hand bygesit het, baie dankie sê vir hulle moeite met die maak van die beddens. Dit was natuurlik ook met groot vreugde wat ons alreeds vir twee beddens duvet oortreksels, lakens en kussingslope geskenk gekry het. Dankie vir die ondersteuning!!!

Ons wil ook graag baie dankie sê aan almal wat hulle harte oopgemaak het en so mildelik bygedra het vir ons

kindertjies en vir ons huis. Baie dankie aan die vinnige reaksie wat ons gekry het met die behoeftes wat ons gehad het vir die twee babas ten opsigte van kleertjies en kombersies. Ons het nie net finansiële bydraes ontvang nie, maar ook nuwe klere, kombersies, melkformule, roompies en selfs medikasie spesiaal vir ons twee babatjies. Wat 'n voorreg is dit nie om soveel ondersteuning vanuit die gemeenskap te kry nie!!

OUR HOUSE PARENTS

At the back: Louis, Lydia and Melisa. In front: Brian and Joseph

We welcome Louis and Lydia Chikaonda and their family to *Vessels of Mercy place of safety* at extension 11, here in Ikageng. Louis and Lydia are both compassionate about kids and they came face to face with the realities of being house parents in the past month. During our visit to the doctor at the hospital it was clear to me with how much love and care Lydia looks after the babies. It is also evident that she receives much support from her husband, Louis. Their own three kids, Melisa, Brain and Joseph couldn't wait when we brought the two babies to their house. It seems like they are very supportive of their parents and they give a hand with the other children whenever they can. Please pray with us for this family.

SJGD BETROKKENHEID

Ons is baie opgewonde oor die belangstelling van die studente van die Noordwes Universiteit (PUK) by ons huis. Ons hoop hulle sal eersdaags betrokke raak by die kinders self deurdat hulle beplan om op Woensdae middae aktiwiteite met die kinders te doen en hulle op hierdie manier 'n bietjie te stimuleer. Ons hoop dat hierdie projek spoedig van die grond af sal kom.

BID SAAM

Ons sal dit so waardeer as julle die volgende sake in julle gebede sal opdra:

- Dat Onele en Nceba deur die winter gesond sal bly;
- Dat ons nie probleme sal hê om die babas te laat toets vir HIV nie;
- Dat Louis en Lydia toegewyd sal wees in hul werk en dat hul passie nie sal verflou nie;
- Bid ook vir Louis en Lydia se eie kinders, aangesien hulle nou hul ouers, hul huis en hul slaapkamers met ander kinders moet deel;
- Dat ons huis vol kinders sal wees.

HOE KAN JY BETROKKE RAAK???

Ons noem graag die volgende behoeftes wat binne die organisasie bestaan. Indien u voel u sou wou betrokke raak, is u welkom om ons the kontak.

- Leë fotostaatpapier bokse vir die verspreiding van klere aan pleegouers;
- Vrywilligers wat bereid is om op gereelde basis te help met die uitsorteer van ons klerekas;
- Vrywilligers wat by die kinders in ons huis, self geestelike betrokke sou wou raak.

VESSELS OF MERCY DVD

Vessels of Mercy het 'n 10 minute DVD saamgestel wat ten doel het om die organisasie bekend te stel, asook om mense positief te beïnvloed ten opsigte van pleegsorg. Indien u sou belangstel om 'n kopie te ontvang is u welkom om ons te kontak by die onderstaande kontaknommers of 'n e-pos te stuur met u posadres. Ons wil graag die goeie nuus van pleegsorg wyd en syd versprei!!!

Posbus 20118, Noordbrug, 2522, Tel: 073 655 4155, Faks: (018) 290 8844, webmaster@vessels.org.za, www.vessels. org.za